Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8. Kaapstad, Woens., 8 Des. 1948 Prys 3d. No. 5

# Sal Diskriminasie Teen O.B.-Lede Nie Meer Duld

**Die Uniale-kongres van die Afrikanerparty het besluit dat daar geen diskriminasie teen enige lid of kandidaat van die Afrikanerparty toegelaat sal word vanweë sy verband met enige nie-partypolitieke organisasie nie. „Bondgenote van die Afrikanerparty sal nie die reg hê om hulle in te meng met kandidate deur ons aangewys in setels wat aan ons toegeken is nie," het mnr. Havenga in die verband verklaar, en daarop gewys dat hy in die party net partylede ken.**

Na aanleiding van die verdeling van die setels in die Vrystaat, het mnr. J. L. V. Liebenberg, L.V., gesê dat die Afrikanerparty as voorwaarde vir sy onderhandelings met die H.N.P. vier setels wat deur die V.P. gehou word, geëis het om te beveg. Die H.N.P. het die A.P. drie setels in Bloemfontein aangebied, maar daar het die H.N.P. ook later kandidate benoem. Mnr. Havenga het gesê dat hy nie die saak nou wil bespreek nie maar dat die menings wat op die kongres geuit is, sy gevoelens weergee en hy daarmee saamstem. „Ons het reg om teleurgestel te voel oor die gebrek aan erkenning van ons aandeel," het hy gesê. „Laat hulle toon dat hulle verantwoordelik kan optree. Die beslissing rus in hulle hande."

### K.G.

Dr. Hans van Rensburg, wat as hoofbestuurslid van die party



Mnr. N. C. Havenga.

gekies is, het verklaar dat die kongres 'n blanko tjek aan mnr. Havenga moet gee in verband met die benoeming van die kandidate. Hy het ook aan die hand gedoen dat as daar beswaar gemaak word teen 'n kandidaat wat die A.P. stel, die setel nie beveg maar terug gegee moet word.

„Ek weet nie van nog 'n Afrikaner wat met genl. Hertzog vergelyk kan word nie, maar ek wil ook sê wat blanke opregtheid en onbaatsugtigheid betref, ek dieselfde vertroue in mnr. Havenga het as wat ek in genl. Hertzog gehad het," het dr. Van Rensburg gesê. „Ons weet daar is nog skaafplekke in die samewerking wat nie opgelos is nie. Dit is delikaat en ons moet dit in betroubare

(vervolg op bladsy 8, kolom 1)

# Kongres Bring Nuwe Vertroue

**Die kongres van die Afrikanerparty wat verlede week op Brakpan gehou is het aan vriend en vyand bewys dat die party aangegroei het tot 'n beslissende faktor in ons landspolitiek.**

**Meer as duisend afgevaardigdes uit alle dele van die land het geloofsbriewe ingehandig en het die verrigtinge van die groot kongres met aandag en geesdrif gevolg. Die kongres het die kroon gespan op die skouspelagtige herrysenis van Hertzogisme sedert die beëindiging van die oorlog.**

Mnr. Havenga het beslis sy status as staatsman verhoog met die skitterende openingsrede wat hy gelewer het. Sy toespraak wat 'n model van koersvastheid en politieke wysheid was, het groot indruk in ons eie land sowel as in die buiteland gemaak. **Dit ly geen twyfel dat die leier van die Afrikanerparty met hierdie toespraak die prestige van die nasionale bewind in die buiteland beslis verhoog het nie.** Die indruk is onteenseglik by duisende mense ingeskerp dat mnr. Havenga en die vinnig aanwassende Afrikanerparty 'n uiters belangrike rol in die toekoms gaan speel.

Die geesdrif en geloof in die toekoms wat op die kongres geheers het was aansteeklik en besielend. In 'n ommesientjie het kongresgangers meer as £1,600 bygedra tot die fondse van die party.

### VERTROUE

'n Opvallende kenmerk van die kongres was die liefde en vertroue waarmee afgevaardigdes die leier, mnr. Havenga, bejeen het. Hy is ook temidde van tonele van opwindende geesdrif tot leier van die party herkies. Dr. J. F. J. van Rensburg het ongetwyfeld die gevoel van die kongres vertolk toe hy gesê het: „Ek het dieselfde vertroue in die opregtheid en eerbaarheid van mnr. Havenga as wat ek gehad het in sy lewenslange vriend en leier wyle genl. Hertzog."

Vanaf die leier van die party tot by die nederigste afgevaardigde, vanaf die verhoog en vanuit die vloer is die nagedagtenis van wyle genl. Hertzog herhaaldelik genoem. By die aanvaarding van die leierskap het mnr. Havenga met treffende hulde aan sy ontslape leier verklaar dat sy taak om te lei vir hom vergemaklik word omdat hy voortgaan om te lei ooreenkomstig die beginsels wat genl. Hertzog neergelê het.

Die kongres het besluit dat die Afrikanerparty sal voortbestaan as 'n onafhanklike party; dat die party steeds sal saamwerk met almal wat dit met hom eens is oor daardie fundamentele beginsels wat genl. Hertzog sy lewenstaak gemaak het; en dat die party geen inmenging in sy huishoudelike sake sal duld nie.—(Spesiale Korr.)

# MALAN WEIER O.B.-LEDE AS KANDIDATE: A.P. TREE UIT

**Die ooreenkoms tussen die H.N.P. en Afrikaner Party ten opsigte van die a.s. Provinsiale verkiesings het in duie gestort omdat dr. Malan volhard het in sy weiering om A.P.-kandidate wat ook lede van die O.B. is, te aanvaar in die setels waaroor daar ooreengekom is. Nogtans ontken dr. Malan nog net soos tydens die Brakpanse episode dat dit sy bedoeling is om hom met die Afrikaner Party se kandidaatstelling „in te meng", of hom „die reg toe te eien om vooraf A.P.-kandidate te keur". Hy het slegs 'n „algemene beswaar teen kandidaatstelling van O.B.-lede".**

**Mnr. Havenga het in antwoord op 'n brief van dr. Malan sy standpunt ten opsigte van O.B.-lede, soos op sy kongres gegee, bevestig, en gesê dat die ooreenkoms dan beskou moet word as nie bestaande.**

### AMALGAMASIE VAN PARTYE

Die Federale Raad van die H.N.P. het op 2 November 1948 die volgende besluit in verband met amalgamasie van die partye geneem:

„In aansluiting met die ooreenkoms tussen die H.N.P. en die A.P., aangegaan tussen dr. Malan en min. N. C. Havenga in die eerste plek, en daarna bekragtig deur al die Partykongresse aan weerskante, besluit die raad as volg: die raad betreur dit dat die verwagte eenwording van die twee partye nog nie verwesenlik is nie inagnemende die erkende feit dat daar geen fundamentele verskille tussen hulle bestaan nie soos ook blyk uit die gesamentlike en eendragtige optrede tydens die afgelope sitting van die Parlement.

„Met die oog op die gewigtige en moeilike taak wat voorlê om aan die uitgesproke volkswil uitvoering te gee, ag die raad dit absoluut noodsaaklik dat die verlangde eenwording binne een politieke party onder die naam ‚Nasionale Party', die ou oorspronklike naam van ons Party, so spoedig moontlik tot stand moet kom.

**„Ons hoofleier word derhalwe dringend versoek, met die hulp van die Provinsiale leiers en die voorsitter van die parlementêre koukus, alle nodige stappe met gemelde doel voor oë te doen."**

### MIN. HAVENGA VERWERP H.N.P. INMENGING

Op 9 November het mnr. Havenga soos volg aan dr. Malan geskryf:

„Ek wens te verwys na ons gesprek van gister met betrekking tot die toekomstige verhouding tussen ons Partye en die moeilikhede wat ontstaan het in verband met die toekenning van setels aan my Party, wat deur ons bestry sal word in die a.s. Provinsiale verkiesings.

„U het toe ook aan my oorhandig 'n besluit van u Federale Raad wat dit ‚betreur dat die verwagte eenwording van die twee partye nog nie verwesenlik is nie,' **en in verband hiermee het u beklemtoon hoe die huidige partyverhoudinge ten gevolge van sekere toestande besig is om te versleg. Wat u in verband met hierdie laaste self volledig geskets het, gee m.i. die antwoord op die moontlikheid op die oomblik van die verwesenliking van daardie gewenste partypolitieke eenwording.**

„Daar is genoegsame gronde wat bewys dat dit onverstandig en onwenslik sou wees om hierdie saak te probeer forseer, omdat die nodige goeie gesindheid en vertroue skynbaar nog nie aanwesig is nie. **In hierdie verband kan ek o.m. maar net verwys na die gees van onwelwillendheid en gebrek aan erkenning van ons bestaansreg geopenbaar in die Vrystaat met betrekking tot die verdeling van Provinsiale setels.**

„U het my verder meegedeel dat i.v.m. die setels soos Mosselbaai en Paarl aan ons toegewys, daar moeilikheid ontstaan het omdat die voorgestelde kandidate nie aanneemlik is vir die H.N.P. nie, **weens hulle lidmaatskap aan die O.B.**

„Ek is ook in besit van 'n skrywe van die Transvaalse H.N.P., waarin my meegedeel word dat die toekenning van Transvaalse setels, en wat deur ons aanvaar is, nou ook onderhewig is aan die voorwaarde dat ons onderneem om geen lid van ons Party, wat ook lid van die O.B. is, as kandidaat vir enige van die setels te stel nie.

„Die verhouding van die Afrikanerparty tot die O.B. is u wel bekend. Ek self was nooit lid van die O.B. en my party staan in geen betrekking hoegenaamd tot hierdie nie-partypolitieke organisasie nie, en bowendien is dit altoos deur ons nadruklik beklemtoon dat ons nooit vereenselwig was met die ideologie of doelstellinge van dié beweging nie.

„Ek was egter altoos sterk oortuig dat in belang van die die eenheid van ons Nasionaalgesinde Afrikanerdom, die tyd aangebreek het dat ons nie hierdie Afrikaners, wat eerlik en bona fide gereed is om al ons partypolitieke beginsels en verpligtinge te aanvaar en tot ons partyverbande toe te tree, daaruit te weer nie.

„So het talle van hulle tot die Afrikanerparty toegetree en is deur ons verwelkom. Hulle het ook hul bydrae gelewer tot die verkiesingstryd deur ons so buitengewoon suksesvol gesamentlik gevoer.

„Ek merk op en het dit verwelkom dat u kongres in Kaap-

(vervolg op bladsy 8, kolom 4)

# Geen Samesmelting Besluit Kongres

**Die Afrikanerparty-kongres het verlede Donderdag eenparig besluit dat die party moet voortbestaan as 'n onafhanklike party met behoud van sy identiteit.**

**Die besluit lui as volg: „Hierdie kongres bevestig weer sy weloorwoë mening dat die Afrikanerparty voorasnog moet voortbestaan as 'n onafhanklike party met die behoud van identiteit en sal voortgaan om saam te werk met enige party of groep wat dit met die Afrikanerparty eens is oor daardie fundamentele beginsels wat genl. Hertzog sy lewenstaak gemaak het en soos neergelê in die program van die party."**

Hierdie besluit kan ook as 'n antwoord aan die kongresse van die H.N.P. wat daarop aangedring het dat die H.N.P. en die A.P. nou moet saamsmelt, beskou word.

## SEN. HOFMEYR TREE UIT POLITIEK

Die Burger berig dat sen. dr. W. A. Hofmeyr hom aan die politiek gaan onttrek en sowel as voorsitter van die H.N.P.-koukus en lid van die hoofraad van die party as senator gaan bedank. Volgens die blad is die stap gedoen om gesondheidsredes. Sen. Hofmeyr, wat 'n Sterk figuur in die H.N.P. was, is tot senator deur die regering benoem sodat sy uittrede geen verkiesing sal meebring nie.

# Volk En Nie Partye Moet Beslis Oor Naturellestem

**„Ek is oortuig dat ons nie die volksbelang en in besonder die belang van die blankedom sal dien deur in ons ywer en ongeduld om 'n spoedige oplossing te vind van ons kleurvraagstuk om nou te gaan afstap van daardie ou Nasionale-Hertzog-pad, en 'n weg te volg sonder die inagneming van 'n duidelike volkswil," het mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, op Brakpan verklaar na aanleiding van die beoogde voorneme om die naturelle-verteenwoordiging in die volksraad af te skaf.**

Mnr. Havenga het verklaar dat by die oorweging en uitvoering van die segregasiebeleid van die nasionaalgesindes, hy die mening in die midde wil lê dat wanneer opgetree word gedurig getrag moet word om goedkeuring en steun te verkry wat verder strek as van die politieke partye. **Spr. het verwys na die optrede van die V.P. in verband met die deurdruk van die Indiërwetgewing met behulp van 'n blote partypolitieke meerderheid en wat weer met 'n partymeerderheid herroep is. Dit moet vir ons 'n bewys lewer hoe ongewens en gevaarlik dit is om oor fundamentele kleurvraagstukke te beslis sonder inagneming van die bestaan van 'n duidelike volkswil, het spr. gesê.**

**HERTZOGPAD**

Met die opstelling van die grondwet is daar rekening gehou met die feit dat die volkswil altyd sal ontwikkel en tot ryping en uiting sal kom as die voortbestaan van die blankedom bedreig word. Daarom is sekere vraagstukke onderhewig gestel aan die verskanste bepalings.

Daardie bepaling is in ag geneem deur wyle genl. Hertzog en die parlement van 1936 en dit is nie in volksbelang om van daardie pad af te wyk nie.

Met verwysing na die juridiese posisie ten opsigte van die posisie het mnr. Havenga verklaar dat hy bewus is van die beslissing van die Appèlhof sodat daar twyfel bestaan of daardie grondwetlike bepalings (die verskanste artikel) en die voorsiening wat gemaak word vir 'n gesamentlike sitting van albei huise vir die passeer van sekere wetgewing nog van krag is, en of dit selfs veroorloof sou word om van daardie prosedure gebruik te maak.


„Indien dit wel die bestaande juridiese posisie mag wees, dan bly tog nog seker bestaan die wenslikheid om soveel moontlik die gees en strekking van daardie bepalings in ag te neem en nie tot 'n stap oor te gaan nie onder 'n samestelling van die parlement wat nie 'n groot genoeg meerderheid insluit, wat beskou mag word as 'n duidelike en ondubbelsinnige uiting van die volkswil op daardie punt, en dus die moontlikheid nie uitsluit om weer vernietig te word deur 'n ander toevallige parlementêre meerderheid nie", het mnr. Havenga verklaar.

Op 'n vraag van 'n persverteenwoordiger of hy meen dat 'n tweederde-meerderheid nodig is om die verskanste artikels in die Grondwet te verander, het mnr. Havenga verduidelik: **„Die vraag is eenvoudig of die parlement die volle steun van die volk het, en oor 'n belangrike saak soos die kleurvraagstuk het die huidige parlement nie daardie steun nie. Die getalkwessie is blykbaar nie meer van toepassing nie en dit is nou net 'n saak van die volkswil en die steun van die volk".**

## *Indiërs Word Op Papier Gelyk*

Indië het nou 'n wet aangeneem waarvolgens dit enige persoon vry staan om te beweeg waar hy wil en eiendom te besit waar hy wil. Die wet is blykbaar 'n poging om 'n einde te maak aan die miljoene onaanraakbares in Indië wat geen menslike regte het behalwe om te bedel nie en die plig om uit die pad van die hoër klasse te bly. Of die toekenning van regte aan die verdruktes in Indië in die praktyk aanvaar sal word deur die hoër klasse, is natuurlik 'n ander saak.


*★ HIER IS GERIEF EN BILLIKE TERME!! ★*



Die 4-vt. „WELDOME"-slaapkamerstel volledig met hang- en dakruimte. Spieëltafel met swaaispieëls. **KONTANT £41/13/-,** of 'n deposito van £5/3/- en 24 maandelikse paaiemente van £1/16/6. Bypassende beddens verkrygbaar.

★

**Skryf om ons gratis Meubelkatalogus met pryslys en meld wat u verlang.**

★

Ons groot voorraad sluit in RADIO'S, WASMASJIENE, KOELKASTE, STOWE en POLITOERDERS.

**— Groot afslag vir kontant —**

**UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.**

**VICTORIAWEG 171 — WOODSTOCK**


# *Afrika Verskyn Op Kaart Van Rooi Beplanning*

**Volgens inligting wat deur die Franse geheime polisie ingewin is, staan Suid-Afrika aangemerk as een van die vyf gebiede in Afrika wat deur Moskou uitgesoek is as plekke waar basisse vir Kommunistiese optrede gevind moet word en waar met behulp van die naturelle 'n Moskou-plan van stapel gestuur sal word wat bedoel is om Amerikaanse en Britse planne in Afrika in die wiele te ry. Die ander gebiede wat aangemerk is, is Abessinië, Algerië, Liberië en die Kongo.**

**In die lig van hierdie inligting, is die verkiesing van 'n Kommunis tot lid van die volksraad van besondere betekenis.**

Die kern van die plan is om Afrika te ontsluit vir Moskou en blykens inligting, word daar reeds gewerk aan die uitvoering van plan wat gedurende September deur die Kominform in Turyn opgestel is. **Kommunistiese agente sou reeds drie maande gelede na elk van hierdie vyf lande vertrek het om die grondslag vir toekomstige optrede te lê. Ook die Italiaanse polisie beskik oor soortgelyke inligting.**

**TEELAARDE**

Moskou se teorie is heel eenvoudig. Onder die naturelle van Afrika is daar 'n nasionale ontwaking en hy sal hom ten doel stel om hierdie ontwaking te lei. Veral in Noord-Afrika is daar reeds 'n vrugbare teelaarde en Franse Kommuniste besoek die naturelle gereeld.

Suid-Afrika met die 8,000,000 naturelle bied Moskou 'n uitstekende werktuig en die Rooi-optrede het reeds begin soos weerspieël word deur die steun van die Kommunis Kahn geniet het. **Deur o.a. die naturelle deur middel van stakings te dril,** hoop Rusland om sy doel te bereik.

Volgens die Kominform-plan moet daar reeds binne vyf jaar genoeg voorbereidingswerk gedoen word sodat daar tot aksie oorgegaan kan word.

Met vyf steunpunte in Afrika behoort die leiers van die Kremlin hulle nie te onseker van hulle suksesse op die swart vasteland te voel nie.

**BEANTWOORD MET ONMAG**

Suid-Afrika, met sy verdeelde blanke bevolking wat van die lewensbelangrike vraagstuk 'n partypolitieke speelbal maak, is die hoeksteen waarop die Kommuniste hul optrede voorberei. Die vraag doen hom dan ook voor of ons huidige staatsmasjinerie met sy kragverbrokkeling in staat sal wees om met die Kommuniste klaar te speel. **Die Britse parlementêre stelsel is 'n mooi weer-stelsel wat gewoonlik tydelik opgeskort word in die aangesig van algemene onheil, soos tydens die afgelope oorlog in Brittanje. Dit is dus te betwyfel of die Kommunistiese aanslag, wat soos genl. Smuts dit beklemtoon het, 'n nuwe soort oorlog is wat oënskynlik op vreedsame wyse verowerings bewerkstellig, teen-**

## Hoop Op Blanke Verdeeldheid

**gestaan kan word solank regering en opposisie besig is om mekaar onder te sit oor die reg om te regeer.**


**BARTELS**

**VIR DIE BESTE**

**LEKKERS**

Vir Kersfees

●

***Kom geniet ook u Maaltye by***


**B A R T E L S**

●

**ENIGSTE ADRESSE:**

- **Pleinstraat 96-98**
- **Kerkstraat 9**
- **KAAPSTAD**





*Vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

**KWV**

***-reukwater***

EN

***-laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

7-4


# PROVINSIALE ELEKSIE SAL BESLIS: MALAN

**Blykens 'n verklaring van dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., is daar geen fundamentele verskil tussen die houding van die H.N.P. en die A.P. wat betref die verskanste klousules in die grondwet nie. Dit is slegs 'n kwessie van prosedure.**

In sy verklaring na aanleiding van mnr. Havenga se toespraak (sien berig langsaan) verklaar dr. Malan dat regskundige advies alle twyfel uit die weg ruim oor die parlement se bevoegdheid om die verskanste artikels met 'n gewone meerderheid te wysig. Oor die kleurbeleid is daar geen verskil nie. Daar is slegs 'n voorbehoud dat die voorgenome wetgewing op genoegsame „volkswil" moet berus.

Voortgaande verklaar dr. Malan: **„Afgesien van die regskwessie sal ons ons dus minstens op mnr. Havenga se ‚genoegsame meerderheid'-grondslag moet plaas.** Of ons tot sy satisfaksie werklik die ‚volkswil' genoegsaam agter ons het of nie, sal stellig blyk uit die afloop van die komende provinsiale verkiesings, wat soos alle vorige verkiesings op partylyne gevoer sal word, en waar sonder minste twyfel ons kleurbeleid nie stuksgewys nie, maar in sy geheel insluitende ook die positiewe sy daarvan, weer voor die volk gelê sal word."

Die verklaring beteken dus dat die aanstaande provinsiale verkiesings sal beslis of die kleurbeleid van die H.N.P. uitgevoer sal word, al dan nie.

# SKATRYK

In die Unie het 722 Indiërs jaarliks 'n inkomste van £1,000 en meer, volgens inligting wat die Staatsinligtingskantoor verstrek. Die jaarlikse inkomste van 20 Indiërs beloop £5,000 en meer, terwyl 14 tussen £4,000 en £5,000 ontvang.

Volgens die brosjure besit meer as duisend Indiërs van Durban motors van die jongste modelle. Die Indiërbevolking is ook geweldig aan die toeneem. Vanaf 1936 tot 1946 het hulle met 29 persent toegeneem sodat daar nou 285,000 Indiërs in die land is. Die blanke bevolking het in dieselfde tydperk met 18 persent toegeneem.


**B.V.R.-** Produkte word vervaardig van die beste Suid-Afrikaanse vrugte en groente.

**Deur aan te dring op B.V.R.-Produkte ondersteun u iets wat u eie is.**

***VRA U KRUIDENIER VIR***

**B.V.R.**

- Soetlemoendrank
- Grenadelladrank
- Aarbeistroop
- Blatjang
- Suurlemoendrank
- Framboos-stroop
- Tamatiesous
- „Pickles".

# „DIE VOLK DAARBUITE"

**„Al of nie onder die vlag van 'n parlementêre demokrasie het ons in 'n regime tereg gekom waarin die enkeling en die kleine groep van bo af geregeer word en prakties geen regstreekse invloed meer op die gang van sake kan uitoefen nie. Hierdeur word die regering in die letterlike sin van die woord ,onvolks'. ,Die volk' staan daarbuite.** Dit verskyn daarin soos in 'n klassieke koningsdrama. Hy tree op in goed georganiseerde, afgerigte massas wat origens geen eie verantwoordelikheid of selfwerksaamheid het nie. En daarmee is die wortels van die demokrasie afgesny. Die gevoel van aktiewe mede-verantwoordelikheid word onmoontlik.

„Wanneer ons die weg terug nie hier kan vind nie, sal die demokrasie tot 'n leuse verword, dit wil sê tot 'n frase. Daarom beteken ,verdediging van die demokrasie' in die heel eerste plaas: stryd vir demokratiese selfwerksaamheid van onder af op. Dog hiervan is nog net die aller eerste tekens te sien."—(aanhaling uit 'n werk van P. Stern, ontleen aan Het Spoor.)

**Hoeveel keer verneem ons nie die woorde in die parlement nie: „Mnr. die Speaker, die volk daarbuite . . . "**

Waar in die parlementêre demokrasie die oorwinnende party, wat meeste van die tyd minder as die helfte van die kiesers verteenwoordig, regeer met uitsluiting van die „volk" en ander volksgroepe, moet die pad terug na groter volksverteenwoordiging gesoek word in 'n stelsel wat groter verteenwoordiging aan die verskillende natuurlike volksgroepe soos o.a. die beroepe, sal gee.

## *Brief Aan My Partyvriend :*

# Op Halwe Silinders Die Hoogte Uit

Geagte Vriend,

In die afgelope week het iets onder my oë gekom wat ek tog jou aandag by wil bepaal omdat dit so kensketsend is van die gees van die partypolitiek. Volgens 'n berig in die pers het mnr. J. W. Mushet, L.V., op 'n vergadering in Oos-Londen dit gehad oor die finansiële moeilikhede van ons land wat ten gevolge gehad het dat invoerbeheer ingestel moes word. **Hy het die stap veroordeel en op 'n vraag of hy dan 'n ander redmiddel aan die hand kan doen, het hy geantwoord: „Ja, ons het 'n redmiddel, maar ons sal dit nie aan u vertel nie!"** Dit is nie die eerste uitlating van sy soort nie. Nie lank gelede nie het 'n parlementslid in die volksraad in 'n debat oor landbou feitlik dieselfde woorde gebesig.

**Kan jy jou voorstel dat 'n volksraadslid in die Boere-republieke ooit so 'n opmerking sou maak? Hy het 'n plan vir volksredding, maar hy sal dit nie sê nie!** In die ou Republiek is 'n man gekies met die uitsluitlike doel om die belange van sy land en volk te behartig en as hy 'n plan het vir volksredding en weier om dit voor te stel, sal hy nooit weer sy sitplek in daardie volksraad sien nie. **Dit sou as sabotasie van die land en 'n skromelike versuim van vanselfsprekende plig beskou gewees het.** Maar nie in ons staat vandag nie. Dit is 'n heel gewone en verstaanbare opmerking.

### LOS VEE

Waarom? **Eenvoudig om die rede dat ons die Britse stelsel van parlementêre regering het waarvolgens een deel van die volksverteenwoordigers nie saam in die wa trek nie, dog soos losvee langs die wa stap.** Hulle neem nou geen verantwoordelikheid vir die regering nie tot tyd en wyl die regering verslaan word en hulle weer alleen aan bewind kom. **Hulle wil dus niks aan die hand doen wat dalk die land kan bevoordeel nie, want dan raak die volk nie met die regering ontevrede nie, en kry hulle nie gou weer 'n kans om 'n verkiesing te wen nie. Dit is in hul belang dus as die regering die land so sleg as moontlik regeer, want hoe 'n groter gemors die regering maak, hoe groter is die kans dat hulle gou weer aan die bewind kom.**

In plaas dus van 150 volksverteenwoordigers te hê wat die beste van hul kragte en verstand aan die landsbestuur wy, het ons nou net 79 wat werk; **die ander 71 weier om hul verstand tot beskikking van die land te stel. Dit is soos 'n motor wat net op die helfte van sy silinders werk, of 'n wa met net ses osse, en soos jy self weet, kom jy met so 'n rytuig nooit die berge uit nie.**

### IN „WOESTYN"

Die Britse parlementêre stelsel werk net op die helfte of soms minder as die helfte van die volk se kragte. Solank een deel regeer, is die ander deel in die „woestyn," en soos jy weet, doen mens geen produktiewe dinge in die woestyn nie; jy saai of plant nie daar nie. Jou groot dryfveer daar is net die begeerte om so gou moontlik weer daar uit te kom. **En aangesien die parlementêre stelsel vereis dat daar ook 'n politieke woestyn moet wees waarin een deel van die volksverteenwoordigers sit, bring dit ook mee dat daardie deel nie produktief vir die landsbewind is nie.** As dit egter nou net 'n kwessie van onproduktiwiteit was kon die volk met sy helfte silinders of halwe span nog probeer uitkom tot teen die hoogtes, al sou dit stoot-stoot gaan. **Maar hierdie mense, in hul ywer om uit die woestyn te kom — wat hulle alleen kan doen indien hulle die regering uit die bewind stoot — laat geen steen onaangeroerd om die regering se taak te bemoeilik nie.** Maatreëls wat die regering tref, word by die volk in verdenking gebring al weet hulle voor hul siel dat dit die beste maatreëls is. Met ander woorde, nie alleen word jou volkswa net deur die helfte van die span getrek wat vir die doel uitgekeer is nie, maar die ander loslopende osse se grootste taak is nog om dié wat trek te stoot en onklaar te laat trap.

### VREEMDE REËLS

Die Brit wat hierdie stelsel uitgedink het, was seker nie 'n patriot nie! Nog minder het hy 'n goeie besef van sport gehad, want soos jy weet, as 'n voetbalspeler die bal ontvang en weier om dit aan te gee, sal hy sy plek in die span baie gou verloor. Hy is dan 'n speler wat kanse weggooi en sy span laat verloor. 'n Man het wel die plig om die bal uit 'n ander se hande te hou wanneer jy teen daardie man speel. Maar op staatkundige gebied speel 'n staat nie teen homself nie — hy speel òf teen 'n ander staat òf teen vraagstukke wat sy staat bedreig. **Daar kan dus geen sprake wees dat 'n man wat die bal in hande kry kan weier om dit aan te gee aan die man wat in 'n posisie verkeer om 'n drie te druk nie. In hierdie geval kan die regering die drie druk, maar mnr. Mushet weier om die bal aan te gee.** En hy doen dit omdat die stelsel waarbinne hy hom bevind, gebaseer is nòg op die praktiese idee van 'n boer se metode om 'n wa in te span, nòg van die reëls van 'n voetbalspel wat vereis dat almal wat aan een span behoort met mekaar en nie teen mekaar moet speel nie.

**In die Boererepublieke van Transvaal en Vrystaat het alle volksverteenwoordigers saam in die volkswa getrek die hoogtes uit. Niemand was in die woestyn nie. Daar was net 'n regering — geen „amptelike opposisie" nie. So wil die Ossewabrandwag dit weer hê.**

# Hoe Indiërs Ingesmokkel Word

Hoe talle Indiërs onwettig die Unie ingesmokkel word, het verlede week by Komatipoort geblyk toe immigrasiebeamptes 'n motor agterna gesit het. Nadat hulle dertig myl gejaag het, het hulle die Portugese bestuurder by die motor gekry maar daar was geen spoor van Indiërs nie. Nadat hy lank ondervra is, het hy erken dat hy verbode Indiër-immigrante in sy motor versteek het. Kort daarna is die Indiërs gevind waar hulle op 'n motor uit Johannesburg gewag het. Na 'n geveg is hulle in hegtenis geneem as verbode immigrante.

**'n Volksregister soos die Eerste Minister in vooruitsig gestel het, sal help om onwettige immigrante aan die kaak te stel. Daar moet tienduisende van hulle wees.**

# O.B.-AAND OP DESPATCH

Die kommando van Uitenhage en Despatch het hierdie keer hul O.B.-aand aan huis van brandwag P. Bezuidenhout van Despatch gehou waar volop braaivleis en wors te eet was.

Nieteenstaande die onplesierige weer het 'n groot aantal O.B.'s hul opwagting gemaak. Ook verskeie van diegene wat

(vervolg in kolom 4)

(vervolg van kolom 5)

voorheen die O.B. beveg het, het opgedaag. Genl. W. Delport van Port Elizzabet het 'n kragtige en besielende toespraak gehou. Alleen as ons 'n onafhanklike Republiek het kan ons praat van vryheid, het hy gesê en verwys na die optrede van Ierland in hierdie verband.

'n Mooi bedraggie is deur middel van 'n kollekte ingesamel.—(Korr.)

# BLAD BEGEER O.B. SE ONTBINDING

**'n Versoek dat die Ossewabrandwag sy leer van partyloosheid moet laat staan en ontbind, word gedoen in 'n hoofartikel van Die Burger, amptelike organ van die Herenigde Nasionale Party in Kaapland. Die blad beroep hom op die „vaderlandsliefde" van die O.B.**

Die artikel handel oor Afrikanereenheid na aanleiding van die besluite op die A.P.-kongres te Brakpan verlede week.

„Die wrywing is nie onder die leiers nie. In die Kabinet word hartlik saamgewerk. Die wrywing neem toe onder die gewone lede; en ons vrees dat die besluit dat O.B.-lede kandidate van die Afrikanerparty by die Provinsiale verkiesing mag word, dié wrywing nie sal verminder nie. By die algemene verkiesing het die Afrikanerparty geen O.B.-lede as kandidate gestel nie, en wel kragtens 'n verstandhouding tussen dr. Malan en mnr. Havenga. **Ons het gemeen dat die verstandhouding nog geld; 'n nuwe in die plek daarvan is nie aangegaan nie. Dit is geen kwessie van veto oor 'n ander party se kandidate nie."**

Die doel met die provinsiale verkiesing is om meer steun as op 26 Mei te kry. „Is 'n lid of offisier van die O.B. daartoe in staat? . . . .

### „DIKTATUUR"

„As hulle trou bly aan hul O.B.-ideologie, dan is hulle ontrou aan mnr. Havenga en sy party en het hulle ook geen reg om steun op grond van die Afrikanerparty se beginsels te vra nie. Want self onderskryf hulle daardie beginsels nie. Het hulle daarenteen die O.B.-leer van 'n partylose staat of diktatuur afgesweer en Afrikaner Partymanne of demokrate geword, waarom sê hulle dit dan nie openlik nie? Want dan het die groot struikelblok in die pad van hul aanvaarding as kandidate en in die pad van eenwording en eenheid verdwyn.

„Eenheid is vir ons vandag onontbeerlik, miskien onontbeerliker as die afgelope sestien jaar, en Suid-Afrika doen 'n beroep op die vaderlandsliefde van die O.B. om die oorsaak van die verwydering en wrywing weg te ruim. Is dit in die veranderde omstandighede van vandag, wanneer die O.B.-doelstellings ,nie van praktiese staatkundige belang is nie', te veel van die O.B.-leiding gevra dat hy sy leer van 'n partylose staat moet laat staan en sy beweging moet ontbind?" aldus die blad.

(Lees ons Hoofartikel).

# Nog Meer Puin Vir Duitsland

Die Britse militêre regering het nog verdere planne aangekondig om die puinhoop van Duitsland „onskadelik" te maak. Vyf-en-negentig van die geboue van die Kruppstaalwerke te Essen sal afgebreek word. Die res, 127 geboue, sal gespaar bly omdat dit nie direk by die maak van wapens betrokke was nie en die Duitsers sal toegelaat word om ligte masjienerie hier te maak. Hierdie aankondiging volg op die vernietiging van die dokke in Wilhelmshaven verlede week.

Die staal wat uit die gesloopte geboue kom, sal beskikbaar gestel word vir uitvoer — blykbaar na Brittanje omdat Duitsland verplig word om gereeld vasgestelde hoeveelhede afvalyster en staal aan Brittanje te lewer.


TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS

HOOFKANTOOR:


DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"

AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA

AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN

Probeer die nuwe SPRINGBOK-„Medium"




OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK

G2-1090

DIE O.B., WOENSDAG, 8 DESEMBER 1948

# Wrywing En Die O.B.

In belang van eenheid het Die Burger verlede week 'n beroep op die Ossewabrandwag gedoen om te ontbind. Hy het ook lede van die Beweging versoek om nie na kandidaatskap in die Afrikanerparty te aspireer nie **en in die verband die erkenning gedoen dat diskriminasie teen O.B.-lede by die aanstaande verkiesings as vanselfsprekend aanvaar word.** In die lig van hierdie erkenning is dit dan ook duidelik waarom die Paarl en Mosselbaai se A.P.-kandidate wat reeds meer as 'n maand gelede benoem is, nog nie van H.N.P.-kant aanvaar is nie. **Ons het hier 'n herhaling van wat in Brakpan gebeur het. Toesegging van steun was so lank deur die H.N.P. weerhou dat adv. Vorster uiteindelik, nadat die A.P. van die setel afstand gedoen het, soos mnr. Havenga nou ook dreig om te doen, slegs 'n paar weke tyd gehad het vir organisasie. Die gevolg was dat talle kiesers nie betyds opgespoor kon word nie en hy met twee stemme uitgeval het.**

Die Burger noem sy redes waarom O.B.-lede onaanneemlik as kandidate is. Weens hul strewe na 'n „partylose staat of diktatuur" sal hulle die partye in verleentheid stel wanneer hulle onder kruisverhoor geneem word. Hulle sal dus nie kan bydra tot die „groter sukses" van die provinsiale verkiesings op 9 Maart nie.

## Verouderd

Die blad doen twee bewerings wat teen hierdie tyd al baie verouderd is. **Na die herhaalde verklarings van die Grootraad en sy leier behoort Die Burger teen hierdie tyd tog te weet dat om die Ossewabrandwag nog van 'n diktatuur te beskuldig, alleen 'n kwaadwillige wanvoorstelling kan wees en dus net so min tot 'n goeie gees kan bydra as die onwil van O.B.-lede om hulle sonder protes te laat likwideer.** En ná die uitslag van Brakpan is dit verbasend om nog die bewering te herhaal dat O.B.-kandidate nie stemme kan trek nie. **Adv. Vorster het daarin geslaag om 'n V.P.-meerderheid van 1,679 af te bring na 2.** Neem daarteenoor Johannesburg-Wes waar 'n vooraanstaande H.N.P.-kandidaat, dr. G. E. N. Ross, nie daarin kon slaag om 'n V.P.-meerderheid van 332 in 'n meerderheid om te skep nie — hy kon dit slegs met 300 afbring. Die vergelyking kan aangevul word met die uitslag van Noordoos-Rand waar die vorige uitslag op twee stemme na ooreenstem met dié van Brakpan. Die V.P.-meerderheid was daar 1,677 en die H.N.P.-kandidaat het dit afgebring na 'n H.N.P.-meerderheid van 97 — dit wil sê 97 stemme beter as dié van adv. Vorster. **Maar nou was daar twee faktore teen adv. Vorster se guns. Die eerste is dat in Noordoos-Rand heelhartige samewerking tussen H.N.P. en O.B. was, terwyl in Brakpan die H.N.P. by monde van sy hoofbestuur uitdruklik hom aan die verkiesing onttrek het met die gevolg dat etlike H.N.P.-lede buite stemming gebly het. In die tweede plaas is adv. Vorster se kandidatuur so lank vertraag weens H.N.P.-teenkanting dat veral posstemme nie benut kon word nie. Dit word dan ook weerspieël in die feit dat adv. Vorster binne die kiesafdeling 'n meerderheid van 200 gehad het, maar ná byvoeging van die posstemme uitgeval het.**

## Geen Verdraaiing

Adv. Vorster, wat 'n hoë offisier in die O.B, is, het geen geheim van sy O.B.-ideale tydens die verkiesing gemaak nie, **maar hy het dit voorgestel soos dit werklik is, en nie soos Die Burger dit in die ore van die publiek lê nie.** Daarom kon hy die stemme van meer as 800 Engelse kiesers kry wat by die vorige verkiesing vir die Verenigde Party gestem het.

En dat lidmaatskap van die O.B. inderdaad geen invloed in vergelyking met H.N.P.-lidmaatskap uitoefen nie, word bewys deur die talle O.B.-offisiere wat in plaaslike of Uniale liggame gekies word deur die algemene publiek bloot op grond van hul onbetwisbare verdienste. Die A.P.-kandidaat in Mosselbaai, mnr. Francis Robertson, is hiervan 'n voorbeeld. Hy is voorsitter van die Afdelingsraad en ondervoorsitter van twee groot landbou-liggame.

Maar dat die H.N.P. self nie die bewering glo nie, word bewys deur die party se houding teenoor mnr. Max Smuts, A.P.-kandidaat in die Paarl. **By die algemene verkiesing is mnr. Smuts links en regs uitgenooi om op die verhoog van die H.N.P. te gaan sit — omdat hy stemme wegjaag? As sy teenwoordigheid op 'n verkiesingsverhoog van die H.N.P. nodig was om stemme vir die H.N.P. te trek, dan spreek dit mos vanself dat sy teenwoordigheid op sy eie verhoog dieselfde uitwerking sal hê.**

## Die Rede

Nee, ons vrees dit is nie die ideale van die Ossewabrandwag en daarom sy lede wat in die pad van eenheid staan nie; **dit is daardie onbedaarde vervolging van mede-Afrikaners wat eers uit die eie party geskop is en nou nog tot binne in 'n ander party wat as brug moet dien, agtervolg en van politieke regte ontneem moet word.** Dit is daardie houding om die Suid-Afrikaanse openbare lewe te benader

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

met die veronderstelling dat daar geen Ossewabrandwag is waarmee rekening gehou moet word nie. As daar sprake van samewerking moet wees tussen „alle Afrikaners" dan sluit dit samewerking van die Ossewabrandwag vanselfsprekend uit, want hy bestaan nie of behoort nie te bestaan nie — vandaar dan ook die versoek dat hy nou terwille van vaderlandsliefde moet ontbind nadat alle pogings om hom te vernietig misluk het.

Politiek, so het 'n groot staatsman dit gedefineer, is die leer van die moontlike. **Dit moet rekening hou met bestaande feite of daardie feite nou al aangenaam is of nie. Die Ossewabrandwag is so 'n feit. Maar ongelukkig het die H.N.P.-leiding in die afgelope sewe jaar nog konsekwent gehandel asof hierdie feit nie bestaan nie. By alle skemas van politieke optrede of eenheidspogings is hierdie feit buite rekening gelaat. Waar hy nie bloot geïgnoreer is nie, is pogings aangewend om hom uit te wis, maar net as 'n feit wat bestaan, dit wou die H.N.P.-leiding nooit. En die oorsaak van alle wrywing in die afgelope jare en selfs op hierdie tydstip was en is nog steeds die feit dat die H.N.P.-leiding nog altyd die O.B. òf buite rekening gelaat het in sy politieke beplanning, òf sy vernietiging deelgemaak het van sy beplanning.**

Dus nie die ontbinding van 'n organisasie wat tienduisende Afrikaners tot die hoogste toewyding en liefde besiel het, moet ontbind word nie, **maar die H.N.P.-leiding moet die O.B. as 'n bestaande feit aanvaar en sy beleid dan daarvolgens beplan. En as daardie beplanning gegrond is op samewerking, dan hoef daar nie vooraf gevra te word waar die Ossewabrandwag staan nie.**

# FRANKRYK: PROOI VIR DIE AASVOËLS VAN STALIN?

**Een van die kenmerke van die Kommunisme wat met groot sorg deur hulself aan die wêreld verduidelik is, is die geloof aan die noodwendige ineenstorting wat by alle „kapitalistiese" lande bloot met verloop van tyd *moet* kom. Dis dus volkome logies as diegene wat so glo 'n handjie bysit by wyse van alomvattende sabotasie van alle bedrywighede, hetsy in die fabrieke of in die leër, in die hoogste staatsbetrekkings of in die maatskaplike lewe. Immers, so lui die logika van hierdie bygeloof van die twintigste eeu, die geskiedenis word net gehelp om sy vooruitbepaalde bestemming te bereik.**

Dis dus vanselfsprekend dat waar 'n land swak is daar neem die kommunistiese „hulpvaardigheid" sy kans waar. Hiervoor bied die Frankryk van vandag, danksy die voorbedagte hulpeloosheid van sy staatsmasjien, besondere moontlikhede.

### REGERING SONDER GESAG

**Die nuutste en nutteloosste grondwet van Frankryk is deur die ou gevestigde partye spesiaal opgestel om De Gaulle te kortwiek. Dit het reeds so amper Frankryk verongeluk.** As voorbeeld by uitnemendheid van Franse regeringsonmag word vertel hoe die lede van die Schumann-kabinet by geleentheid alleen as vergunning van die leier van die stakerskomitee, toevallig ook die deurwagter van die ministerskantore, spesiale passe gegee is wat hulle by die stakingswagte verbygelaat het. **Aldus, met verlof van die deurwagter, kon die regering van Frankryk hulle werk voortsit.**

### MAGTELOOS TEENOOR VAKBONDE

Geleidelik word dit onmiskenbaar dat die mag van die Franse parlement met sy wisselende regerings slegs skyn is. Agter die parlementêre skynmag lê die werklike magsposisies in die hande veral van die georganiseerde vakbonde en die georganiseerde geldmag wat mekaar en Frankryk aan flarde skeur. Soos die groteske skadubeelde wat kerslig teen die mure werp, is die Franse parlementêre lewe slegs verwronge, onwerklike weerspieëlings van die staatkundige werklikheid. Toe die regering van André Marie oornag geval het, is die

**Deur J. de Vos**

deurslag gegee deur 'n buitestander, 'n gevolmagtigde van 'n vakbondbeweging wat die finansiële maatreëls van Paul Reynaud nie wou gedoog nie. Selfs die regeringskrisisse is meesal buite-parlementêr. Nie neerlae in die Huis nie dog druk van buite laat kabinette val.

### MAGTELOOSHEID TEENOOR HANDELAARS

Dis nie slegs die stedelike vakbonde wat die regering tart nie. Die georganiseerde handel doen dieselfde. 'n Ruk gelede het die tekstielhandelaars op eie houtjie besluit om die rantsoeneerstelsel van die regering te veronagsaam; hul voorbeeld is 'n paar maande later deur die bakkers gevolg; òf geen woord is by verkopings van koepons gerep nie òf klaarblyklik vervalste koepons is deur die handel eenvoudig aanvaar.

### MAGTELOOS TEENOOR BOERE

Intussen is ook die boere georganiseer en het hulle onder leiding van ene Lamour wat self nog geen steek boerderywerk verrig het nie, gedreig dat Parys veertien dae sonder kos sou bly as aan hulle eise nie voldoen word nie.

### FEUDALE STELSEL VAN TWINTIGSTE EEU

Daar is diegene wat hierdie botsings tussen georganiseerde belangegroepe vergelyk met die feudale Middeleeue toe die weerspannige groot-adel mekaar beveg en die land verswak het terwyl die koning dikwels magteloos en hulpeloos toegekyk het. Die vergelyking het dit alte seker nie heeltemal mis nie. **Soos klokslag volg die regerings, elkeen met potsierlike skynwaardigheid en grootse futiele planne op papier mekaar op, terwyl lewenskostes styg, geldwaardes daal, groepe mekaar uitdelg in hul selfsug, en terwyl die Kommuniste met hul handlangers die raserny aanvuur.**

Tans, d.w.s. wanneer hierdie sin geskryf word, moontlik nie meer wanneer dit gelees word nie, is ene Henri Queuille, Eerste Minister van Frankryk. Hy is, soos meeste van sy voorgangers, 'n veteraan van baie kabinette, lid van die Huis sedert 1914 en van die kabinet in sowat tweedosyn regerings sedertdien.

### DIE HAND VAN STALIN

Hoe diep Stalin met die binnelandse verwikkelings van Frankryk gemoeid is, kan nie presies vasgestel word nie, hoewel dit onbetwisbaar is dat die inmenging grootskaals en doelbewus geskied. Onlangse berigte het weer nuwe onthullings aangaande Russiese invloed in Banke en verwante instellings bevat. Dis ook klinkklaar dat 'n ineenstorting in Frankryk wat immers een van die hoekstene van die Westerse verbond teen Stalin is laasgenoemde se planne goed sal pas. Nie slegs die uiteindelike en „noodwendige" lot van alle kapitalistiese state sal Frankryk dan tref nie, maar terloops sal dit die huidige militêre posisie van die Kremlin baie help.

Derhalwe hits die Kommuniste die swaargeteisterde Franse arbeider wat met stygende lewenskoste te kampe het aan om die onmoontlikste eise aan die werkgewers te stel. Die sosialiste wat nie kommunisties is nie moet om hul party-aanhang by die arbeiders te behou saamskreeu, al gaan dit ook hoe dol, en desnoods die een rege-

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

# „GOD SAVE THE KING" WYS KOMMUNISTE UIT

**Klagte dat daar verskeie Kommuniste onder die Britse immigrante is wat onlangs na Nu-Seeland verhuis het, is aanhangig gemaak by die Nu-Seelandse owerheid deur 'n sakeman wat saam met 'n aantal immigrante uit Brittanje gereis het. Onder die kommuniste is 'n offisier van die Britse lugmag wat nou diens doen in die NuSeelandse lugmag.**

Die sakeman, Arthur Baylis, het verklaar dat hy die geval van die Kommunistiese offisier onder die aandag van die lugmag gebring het. **Hy is ook begaan omdat verskeie van die nuwe immigrante nie opgestaan het as die Britse volkslied op die skip gespeel is nie. Toe hy met hulle gepraat het, het etlikes erken dat hulle met die Kommuniste verbind is.**

Die saak is ook in die parlement geopper waar die regering versoek is om toe te sien dat Kommuniste nie toegelaat moet word om as immigrante na Nu-Seeland te kom nie.

**Hoeveel Britse kommuniste het daar onder die Smuts-immigrasieskema na die Unie gekom?**

# Staat Sal Rooi Bronaar Eers Moet Afsny

**Watter stappe die regering teen die Kommuniste in Suid-Afrika sal doen, en of die sluiting van die Russiese konsulaat met sy vyftien Kremlin-verteenwoordigers deel van die regering se optrede sal wees, is 'n vraag waarmee politieke waarnemers hulle tans besig hou. Amptelik het die regering tot dusver die swye bewaar oor wat sy optrede teen die Kommuniste sal inhou.**

Daar kan egter geen regverdiging wees vir die verdere voortbestaan van die Russiese konsulaat in die Unie nie, aangesien Suid-Afrika geen handel met Rusland het nie. **Gedurende die eerste helfte van verlede jaar (die jongste syfers beskikbaar) het Suid-Afrika feitlik geen handel met Rusland gedryf nie; goedere ter waarde van slegs £20,000 is uit Rusland ingevoer, wat gedeeltelik bestaan het uit voorrade vir die konsulaat.** Aangesien gewone Russiese burgers nie toegelaat word om hul grense te verlaat nie, is daar ook geen toeristeverkeer wat 'n Russiese agentskap hier regverdig nie.

### ALMAL SPIOENE

Dit is 'n bekende feit dat Rusland nooit tot aksie in die buiteland oorgaan voordat hy nie eers 'n sterk diplomatieke korps in die betrokke land opgebou het nie en volgens die Kanadese ondersoek na kommunistiese optrede, **het dit geblyk dat elke lid van 'n Russiese diplomatieke korps, selfs die deurwagter en motorbestuurder, 'n spesiaal opgeleide agent van die Kremlin is wat aan die hoof van 'n spioenasiering staan. Omdat hulle diplomatieke beskerming geniet, is hulle in staat om geheime inligting heen en weer te vervoer sonder dat die staat daarop beslag kan lê.**

Verskeie Suid-Amerikaanse state het reeds hul diplomatieke betrekkings met Rusland verbreek omdat hulle by die wortel van die kwaad wou begin.

Optrede teen Kommuniste in Suid-Afrika, terwyl die slagaar uit Moskou nog nie afgeknip is nie, sou halwe werk wees.

### IS VOORBEREI

Dit is duidelik dat die Kommuniste in die Unie hulle voorberei vir die verwagte optrede van die regering. Die Kommunistiese blad het 'n paar weke gelede berig dat die spesiale afdeling van die polisie hul ondersoek na Kommunisme in Suid-Afrika afgesluit het. Onder meer sou daar rapporte opgestel wees oor sowat 700 Kommuniste en 1,300 Kommunistiese simpatiseerders. Die blad beweer dat die onlangse terugtrekking van die saak teen die Kommuniste wat aangekla was in verband met naturellestakings, gedoen is omdat die regering langs 'n ander manier teen die Kommuniste wil optree. **'n Johannesburgse amptenaar van die Kommunistiese Party het in die verband gesê dat die party „vir alle gebeurlikhede goed voorberei is."**

# Groter Samewerking Nodig Vir Oplossing

**Te oordeel na uitlatings in die pers skyn dit of mnr. N. C. Havenga se toespraak op Brakpan twyfel laat ontstaan het oor die gewensdheid vir verdere samewerking tussen die twee regeringspartye. Die vraag word naamlik gestel of die H.N.P. wat hom bereid verklaar het om met die huidige klein meerderheid die naturelleverteenwoordiging in die volksraad af te skaf, hom nie op die kiesers moet beroep sonder mnr. Havenga wat dit alleen met 'n ontwisbare meerderheid wil laat geskied nie.**

**Met ander woorde, die oplossing van die naturelle-vraagstuk moet in groter isolasie gesoek word in plaas van juis groter samewerking. Dit bots sowel met die beleid wat in die verlede deur genl. Hertzog gevolg is as met die gesonde verstand.**

Gelukkig skyn dit of dr. Malan nog nie bereid is om op hierdie stadium mnr. Havenga te laat los nie.

Woordvoerders van al die belangrike partye het in die verlede al gepleit vir die uitligting van die kleurvraagstuk uit die partypolitiek. Dr. Malan self het dit herhaalde keer gedoen toe hy leier van die opposisie was. **Dit is 'n aanduiding dat daar in partypolitieke kringe wel deeglik besef word dat daar buite die partypolitieke arena groter eenstemmigheid oor die vraagstuk is as daarbinne waar die partye noodgedwonge van mekaar moet verskil.** Min. C. R. Swart het indertyd in verband met die Indiërwetgewing dit as sy oortuiging uitgespreek dat **„meer as die helfte van die lede aan die oorkant van die Raad"** saam met die H.N.P. sou stem as hulle dit kon doen „sonder dat hulle daardeur hul party in die ongeluk bring." Van regeringskant word dan ook toegegee dat die Verenigde Party verdeeld is oor die naturellevraagstuk en dat die meerderheid nie soos mnr. J. H. Hofmeyr dink nie; nogtans stem hulle as 'n groep saam teen die H.N.P. op elke punt van naturellebeleid wat voorgelê word.


### GENL. HERTZOG

Dit lê dus voor die hand dat die beleid van apartheid, ook wat betref politieke verteenwoordiging, genoegsame steun sal ontvang om dit 'n onbetwisbare volkstempel te gee indien die vraagstuk op 'n volkse grondslag in plaas van 'n partypolitieke grondslag behandel word. Dit is nouliks nodig om hierdie bewering te staaf met 'n verwysing na genl. Hertzog se optrede. **Tien jaar lank het hy tevergeefs probeer om wetgewing deur te loods binne die partypolitieke arena, dog na uitskakeling van die kunsmatige partystryd kon hy die nodige tweederde-meerderheid daarvoor behaal.**

**Die weg na oplossing van die naturellevraagstuk lê dus nie in groter isolasie van partye nie, maar juis in 'n groot kombinasie van enersdenkendes.** Waar van H.N.P.-kant self erken word dat mnr. Havenga se toespraak geopenbaar het dat daar geen beginselverskille bestaan nie, dog net 'n verskil van prosedure, sal dit dwaas wees om groter verdeeldheid te bring terwille van 'n kwessie van metode by die aanpakking van 'n vraagstuk. Trouens die saamskakeling van die H.N.P. en Afrikanerparty was deur die volk beskou as 'n eerste stap in die rigting van groter samewerking. **Die volgende stap moet wees die inskakeling van ook ander groepe wat oor die fundamentele vraagstukke met ons saamstem.** En ons meen dat dr. Malan as leier van die sterkste party die mag in hande het om dit te bewerkstellig deur self die voortou te neem in die uitligting van die naturellevraagstuk uit die „partypolitieke arena", soos hy as opposisieleier altyd gepleit het.

# Hfgenl. Wessels Oorlede

Hoofgenl. M. P. Wessels, wie het hom nie geken nie? Ywerige en getroue offisier vanaf die stigting van die O.B. het hy ons veilig geloods deur die donker dae van die bestaan



**Hoofgenl. M. P. Wessels, van Excelsior, O.V.S., wat na tien jaar van troue diens oorlede is in die ouderdom van 57 jaar.**

van ons Volksbeweging. Skielik is hy heengegaan op Saterdag, 20 November en is Sondagmiddag op sy plaas begrawe. Meer as 'n honderd motorkarre het die lykstoet gevolg.

Hy is oorlede agter die stuur van sy motor aan hart-kramp en voor iemand by hom kon kom, was hy reeds weg.

Ons lê 'n kransie van waardering op die graf van ons troue vriend en kameraad.

Ons voel versekerd dat hy daar aan die oewer glansend en bly vir ons sal wag.—(Gilbert en Bertha Gibson).

***Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."***

# Biljoen Pond Per Jaar Verwed In Brittanje

**Die Britse regering oorweeg tans om 'n kommissie aan te stel wat die dobbelaryvraagstuk in Brittanje moet ondersoek omdat daar in die afgelope 15 jaar so 'n aansienlike toename in weddenskappe en dobbel was.**

Hierdie kommissie sal waarskynlik opdrag hê om ondersoek in te stel na perderenne, voetbalpools, straatweddenskappe, ens. Regeringskringe is begaan oor die dobbellary wat na die oorlog posgevat het en tans 'n nasionale gewoonte geword het.

Behalwe die morele en sosiale aspek van die saak, het dit ook vir die Britse regering 'n finansiële sy. **Aan die einde van verlede maand het die minister van finansies bekend gemaak dat die voetbalpools elke week sowat £340,000 belasting aan die staat betaal. Aangesien die pools 20 persent van hul opbrengs aan belasting betaal, beteken dit dat hul weeklikse inkomste sowat £3,400,000 is. Daarby maak die poskantoor weekliks £55,000 wins uit die verkoop van seëls en posorders in hierdie verband.**

**Gesaghebbend word bereken dat die totale dobbelomset in Brittanje jaarliks £1,000 miljoen pond bedra.**

SARIE MARAIS MODEWINKEL
Wesleystraat 56 - STRAND
(REGOOR BIBLIOTEEK)
★
DAMES—
Wanneer u STRAND-toe kom besoek ons. U sal dit die moeite werd vind.
● STRANDDRAG
● DAGTABBERDS
ELKE ROK SPESIAAL UITGESOEK

DAMESHOEDE,
*modieus en deftig,*
by
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

DEFTIGE SKRYFPAPIER — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.
★
„Egerton Wove," lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. 3/- per doos.
„Petersburg 1850," lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/- per doos.
„Foreign Mail," uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7/- per doos.
BESTEL VAN:
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD
★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★

DIE KIESKEURIGE MAN
GAAN VIR SY KLERE NA
Kotzé
*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*
●
SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.
ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

KERSFEESKAARTE
*VYF Pragtige Gekleurde Natuurtonele*
(VAN KIEKIES AFGEDRUK)
met bypassende verse spesiaal verwerk deur
ONS VOLKSDIGTER — TOTIUS
en in sy eie handskrif afgedruk.
Hier is kaartjies wat u met trots aan enige volksgenoot kan stuur — iets Volkseie
5/- PER DOSYN (K.M.B.)
★
● Ons het ook nog kaartjies met die O.B.-wapen, Wag- en Jeugkentekens teen 3/- per dosyn. Ook kaarte met gekleurde afdrukke van Suid-Afrikaanse wild (en klein O.B.-wapen) teen 3/6 per dosyn.
★
*Bestel dadelik by* DIE BOEREJEUG
POSBUS 1059 — PRETORIA

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**MOOLENBEEK.** — Aan mnr. en mev. G. Moolenbeek, Rosenhof, Pretoria, 'n fris Stormjaer, albei wel. 8/12/1B

## VERLOWING

**DU PLESSIS—DU PLESSIS.**—Hiermee maak ons, Anna, dogter van mnr. en mev. G. du Plessis, Bethulie, en Anton, seun van mnr. en mev. H. S. du Plessis, Uniondale, aan familie en vriende bekend dat ons verloof geraak het. 8/12/1B

## HUWELIK

**FRICK—BURGER.** — Ons twee, George en Susan, trou D.V. op 15 Desember om 10.30 vm. op Winburg. Geen kaartjies, geen resepsie. Gelukwense: Rietfontein-Pastorie, Winburg. 8/12/B

**ANDERSEN—DE WET.** — Hiermee wens mej. J. de Wet (Hoofkwartier, Gebied „A”) en kaptein A. E. Andersen, Bellville, bekend te maak dat ons trou D.V. Saterdag, 18 Desember om 3.30 nm. in die Groote Kerk, Adderleystraat, Kaapstad. Telegramme: Charlsholm, Collingwoodweg, Observatory. 8/12/1B

## DOODBERIG

**MATHEE.** — Heengegaan na 'n smartvolle lyding te Heidelberg (Kaap), op 29 November, ons geliefde eggenoot en vader, Jack, in die ouderdom van 64 jaar. Diep betreur deur sy eggenote, Emmie, kinders en kleinkinders. —Heidelberg (Kaap). 8/12/1

## IN MEMORIAM

**SMITH.**—Nooit sal ons 24 Desember 1943 vergeet nie, toe lief Hennie van hier na die Hemelstad verhuis het. Tot weersiens. Ons verlang en mis jou nog baie dae. — Oom en Tannie Junghans. 8/12/1B

## BENODIG

**AFRIKAANSSPREKENDE Blokman** of 'n jong man wat hom wil bekwaam as blokman. Skryf dadelik aan **J. H. van den Bergh,** Bus 43, Bothaville, O.V.S. 8/12/1B

**'N DAME** om 'n beginner (seuntjie van 7 jaar) te leer volgens goewermentstelsel, op plaas 10 myl van Barbertonstasie. Te begin na skoolvakansie. Salaris £15 per kwartaal, met vry inwoning. Genoeg bediendes. Applikant moet aan Christelike Kerk behoort. — **N. G. B. Kilian,** Posbus 129, Barberton. 8/12/3B

## HUIS TE HUUR

**DRIE KAMER-HUIS** vanaf 19 Desember tot 2 Januarie. Alle elektriese geriewe; naby stasie. — Doen aansoek by **Rawsonweg 4, Observatory.** 8/12/2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem. 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS. P.K. Schoemanshoek.**

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291. Kaapstad. 3/12/11

## MEDISYNE

**ANTIGRYS** kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — Die Boervrou, Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr. (2)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755 15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

## TE KOOP

**„ATLAS” - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows”). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**HONDJIES.** — Alsation-hondjies te koop. Vader Conty de Repose (Reg. nr. 76394). Moeder Sally of Harryanne (Reg. nr. 71508). Reuntjies £5-5-0, tefies £3-3-0; agt weke oud. Baie getrou en waaksaam. Aansoek: Zeeman, Robertson. 1/12/2

**IDEALE KERSGESKENK:** Bybelse Kunsalmanak 1949 (9 dm. x 15 dm.) bevat een volblad en dertien kleinere (6 dm. x 7¼ dm.). Bybelkleurprente sowel as 'n Bybelteks onder elke datum. Prys 3/9. **Spesiale Kersfeesprys 3/6.** As 4 saam bestel word 3/3 elk posvry. — Bestel dadelik van **J. Stemmet,** Fichatstraat, Knysna. 8/12/1

**MOTORKISTE,** verskillende groottes. Planke met voeë en ¾ dm. dik. Geskik vir plankvloere in buitegeboue en boudoeleindes. Vir mate en pryse doen navraag by **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253. 8/12/TK

**PERDE:** Percheron-hings uit Cedara Lakanal, 3-4 jaar, swart met kol, 16 hande, eerste prys Rosebank en Robertson. Percheron-merrie, 2 jaar, Vader ingevoer, swart, 16 hande, tweede prys Rosebank, eerste prys Robertson. Amerikaanse merrie, swart, agt jaar, 16 hande, eerste prys Robertson. Hingsvul, jaar-oud, eerste prys Robertson, uit vol vyfgang-ouers. Aansoek: **Zeeman,** Robertson. 1/12/2

**SOUT:** Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 17/11/x8.T.K.

**SPEELGOED. — Spesiale pakkies vir seuns en dogters:** Die volgende pakkies vir dogters: (1) Een inkleurboek, 1 uitknipboek, 1 dosie kryt en 6 ballonne, **4/6.** (2) Vier verskillende plastieke poppe teen 4/-. (3) Een plastieke teeservies, 1 stootwaentjie, 1 stoeltjie, 2 poppies en 6 ballonne, 5/3. (4) Een metaal-teeservies, 1 inkleurboek, 1 dosie kryt, 1 uitknipboek, 1 prenteboek, 2 poppies, 6 ballonne, **8/6.** (5) 1 plastieke poppie, 1 bedjie, 1 speelhokkie, 1 stootwaentjie, 1 stoeltjie, 1 inkleurboek, 6 ballonne, **9/6.**

**Pakkies vir seuns:** (1) 1 plastieke skuitjie, 1 plastieke karretjie, 1 motorfiets, 1 plastieke fluitjie, 1 waentjie, 6 ballonne, **5/-.** (2) Een plastieke driewiel, 1 plastieke motorfiets, 1 stoomroller, 1 tol, 1 pakkie albasters en 6 ballonne, **4/6.** (3) Een plastieke stoomroller, 1 sementmenger, 1 plastieke motor met sleepwa, 1 plastieke motor met meubelwa, **6/6.** (4) Verrassingspakkies, **5/-.**

**Vir Dogters:** Slaappoppe, 32/6, 47/6; egte rubber Wettum-poppe met suigbottel, 11 duim, 22/6; soliede poppies, 6 duim, 6/-; handsakkies vir dogters, 5/-, 5/9 en 6/9 elk; plastieke poppies, 5½ duim, 3/9 elk; rubber-poppe met fluitjies, 6/6 elk.

**Vir Seuns:** Plastieke vragmotors en motorkarre, 6/- elk.

**Spesiale aanbod:** Prix-konstruksiestelle, dele A, B, C, D, en F, volledig, 17/6; motor, 11/-; Duitse mondfluitjies, 7/6, 8/-, 9/-, 10/-. — Alles posvry. — **BELLVILLE-DIENSTE, Posbestellingsafdeling, Posbus 59, Bellville.** 8/12/2

**STEENMAAKMASJIENE.** — **„Kleine Wonder”** vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**10 MORG-PLOTTE** teen £10 deposito en £5 per maand. Na aan stad. Uitstekende grond en water volop. Navrae: **M. L. Slabbert,** Oud-gevangene, Foon 2-8849 en 3-3395, **Pretoria.** 24/11/3

## TE KOOP GEVRA

**Ou motorbatterye en verkoelers.** Ons betaal 3/- elk K.B.A. Stuur aan **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Huguenot. Vir meer dan 50, bel 1253, en ons kom haal. 8/12/TK


A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**154 Takke**



**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**


## FRANKRYK

(vervolg van bladsy 4, kolom 5)

ring na die ander laat val as hulle nie vir die vraatsugtige vakbonde kan verkry wat dié as beloning vir ondersteuning van die regering eis nie.

So kook die hekseketel voort.

### DE GAULLE OF STALIN

Hoe nouer die hoek deste sterker doem die beeld van De Gaulle op. Sy parlementêre aanhang beteken nie veel nie. Sy volgelinge aldaar hou van die naam om mee te toor maar hou nog meer van hul setels en hul gevestigde partybelange. Dog buite die parlement verhewig sy kampanjes met elke krisis. Dit word ook steeds duideliker dat die Franse parlementarisme slegs voortleef op die wedersydse afkeer van die Kommuniste en Gaulliste wat mekaar ewemin die bewind gun. Die spanning vir die negatiewe parlementêre draadtrekkers word egter daagliks erger — en wanneer dit te erg word vir die volk of vir hulleself om te verdra, dan sal die uur vir De Gaulle aanbreek òf vir Moskou.

### VRUGTE VAN 'N STELSEL

**Dit verdien ook oorweging hoeseer die ywer, begaafdheid, natuurlike rykdomme en hoë idealisme en trots van een van die grootste volkere in die geskiedenis van die Aandland deur 'n kortsigtige Grondwet, die skepping van partypolitieke egoisme, volslae lamgelê is.**

Intussen sweef die aasvoëls van Stalin in die hoogte, gereed om te verslind wanneer die lewe wyk, mits De Gaulle nie eerste daar is nie.

## BARBAARSE WETTE

(vervolg van bladsy 7, kolom 5)

**In 1831 — die jaar toe die Voortrekkers al begin plan maak het om te trek — is daar in Engeland nog kinders van nege jaar opgehang omdat hulle 'n huis aan die brand gesteek het. Op een geleentheid is tien kinders tegelyk opgehang om as waarskuwing vir die ander te dien.**

Selfs in 1890 is 'n negentienjarige seun opgehang nadat hy skuldig bevind was aan moord op sy vader. Die ophang van kinders was geen buitengewone gebeurtenis in die eerste 20 of dertig jaar van die vorige eeu nie. **In die jaar van die Groot Trek (1833) is daar 'n negejarige seuntjie tot die dood veroordeel omdat hy by 'n huis ingebreek het.** Sy lewe is slegs gered nadat daar ernstige vertoë tot die owerheid gerig is.

Die Brittanje wat ons vandag ken, was dus nog baie barbaars ten opsigte van sy eie kinders in die dae toe hy hom as beskermer kom opwerp van die barbare in Afrika — in die dae van Slagtersnek.


**RADIOTRONICS**

**(A. Perold en P. Brink)**

**Vir herstel en koop van**

**ELEKTRIESE APPARAAT**

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)

**Hoofstraat BELLVILLE**

**Foon 97-9114.**


### BETREKKING VAKANT

**BESTUURDER**

Aansoeke vir bogenoemde betrekking in die Waterbergse Ko-operatiewe Handels Vereniging Beperk word deur ondergetekende ingewag tot 13 Desember 1948.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en moet meld kwalifikasies, ouderdom, huwelikstaat en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Vorige ondervinding van handel in Ko-operatiewe Handelsverenigings sal 'n aanbeveling wees.

SALARIS: £600 x £30 x £900 per jaar plus lewenskostetoelae; vorige ondervinding sal in ag geneem word by die vasstelling van aanvangsalaris.

Van die suksesvolle applikant sal verwag word om deel te neem aan die Vereniging se pensioenskema. Ten minste twee gewaarmerkte afskrifte van onlangse getuigskrifte moet ingesluit word.

**Die Voorsitter,**
W.K.H.V.,
Posbus 62,
NYLSTROOM.

# VRA ONDERSOEK NA INTERNERINGS

**Die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het die Eerste Minister voorverlede week versoek om 'n kommissie te benoem om ondersoek in te stel na die vorige regering se interneringsbeleid en die brutale toepassing daarvan.**

Die afvaardiging het bestaan uit mnr. H. Graf, voorsitter van die Bond, mnr. O. L. Nel, sekretaris, en is bygestaan deur mnr. Stephen Eyssen, L.V. Die samesprekings is bygewoon deur die Minister van Finansies en die Minister van Justisie.


Daar is ongeveer 1,000 oud-geïnterneerdes. Baie van hulle is vandag nog nie gerehabiliteer nie en benewens die aangevraagde ondersoek wil die afvaardiging ook hê dat die regering op een of ander manier hulp aan die mense moet verleen.

Na verneem word spruit die afvaardiging voort uit die onlangse Uniale konferensie van die Bond.

# Twee Groot Figure Ontval S.A.

**Die dood het Suid-Afrika die afgelope week van twee groot figure ontneem. Donderdag is die tyding ontvang dat dr. Hendrik Johannes van der Bijl, voorsitter van Yskor en Eskom, oorlede is. Kort op die hakke van hierdie berig is Vrydag aangekondig dat mnr. Jan Hendrik Hofmeyr, L.V., voormalige minister van onderwys en mynwese, oorlede is.**

Waar Suid-Afrika se staalbedryf vandag staan, daar het dr. Hendrik van der Bijl dit gebring. Die sukses waarmee hy die bedryf opgebou het was te danke aan sy versiende beleid



**Mnr. J. H. Hofmeyr.**

en buitengewone bekwaamheid. Sy heengaan op 61-jarige leeftyd is 'n nasionale verlies. Hy het sy opleiding aan die Viktoria-Kollege en die Universiteit van Halle, Leibzig, en Chicago ontvang. Hy was lid van talle wetenskaplike liggame en het 'n aansienlike aantal uitvindings op sy naam gehad. 'n Regstreekse uitvloeisel van sy navorsing was die eerste telefoongesprek oor 'n afstand van 5,000 myl.

In 1928 het hy voorsitter geword van die Yster- en Staalkorporasie en was ook die eerste voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Hy het ook 'n groot aandeel gehad in die stigting van ander maatskappye.

Mnr. J. H. Hofmeyr het 'n merkwaardige loopbaan agter die rug. Reeds op vyftienjarige leeftyd was hy in besit van 'n B.A.-graad en toe hy sewentien was kon hy M.A. agter sy naam skryf. Op 30-jarige ouderdom was hy Administrateur van Transvaal en het in 1929 lid van die volksraad geword. Hy het oor 'n besondere werkkrag beskik en in die Smuts-kabinet was hy die man wat die swaarste vrag getrek het en in die afwesigheid van veldm. Smuts, het hy dikwels waargeneem as eerste minister. Hy was 'n dinamiese politikus, liberaal van opvatting en sterk godsdienstig.

## MOET SETELS TERUGGEE TENSY . . .

**„As die Afrikanerparty nie kans sien om die H.N.P. te steun nie, dan moet hulle die setels wat ons aan hulle gegee het, teruggee,” het mnr. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in die Transvaal, die naweek op Krugersdorp verklaar.**

Mnr. Strydom wat verwys het na die toespraak van mnr. Havenga op Brakpan, het verklaar: „As hulle nie kans sien om ons te steun nie en die regering kom tot 'n val as hy apartheidswetgewing indien, sal ons op eie bene verkiesing moet hou, om opnuut van die volk 'n opdrag te kry om die wetgewing deur te voer — tensy mnr. Havenga en sy mense wat ons nie wil steun nie, ooreenkomstig die gees van die Malan-Havenga-ooreenkoms, dan die setels wat ons aan hulle gegee het, aan ons teruggee. In die geval sal 'n algemene verkiesing nie nodig wees nie en daar sal slegs tussenverkiesings in sodanige setels plaasvind.

Toe die ooreenkoms met die A.P. aangegaan is, is daar gesê dat daar geen beginselverskille bestaan nie. Dit is onwaarskynlik dat enige party ooit 'n meerderheid van tweederdes in die parlement sal kry. As ons nou aan die volk moet gaan sê dat ons nie ons beleid gaan uitvoer nie, gaan ons nooit weer aan bewind kom nie, het mnr Strydom betoog.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# Denazifikasie Was Ruwe Regspleging Indien Dit Regspraak Genoem Moet Word

**Denazifikasie in Duitsland — die beleid wat in Potsdam deur die oorwinnaars aanvaar is om alle aanhangers en lede van die voormalige regerende party in Duitsland uit hul betrekkings te skop of tronk en galg toe te stuur bloot op grond van hul lidmaatskap — word deur die Britse blad Economist as „ruwe regspleging" bestempel in 'n artikel waarin hy nogtans geen fout met die maatreël vind nie — dit moet net nie deurgaan vir regspleging nie!**

**'n Paar weke gelede het die komitee van die V.V.O. wat belas is met die opstelling van 'n „Verklaring oor Menseregte" beslis dat elke mens die reg het om propaganda te maak vir sy politieke oortuiging — al is dit fascisme.**

In 'n vorige artikel in die verband in Die O.B. is 'n oorsig gegee van die omvang wat hierdie ondemokratiese beleid in die Amerikaanse besettingsgebied aangeneem het, waar 3,000,000 broodwinners uit hul werk geskop is terwyl 70,000 in die tronk gestop is. In die Britse besettingsgebied lyk die prentjie nie veel anders nie. Behalwe die paar miljoen opgeleide amptenare en tegnici van openbare en private ondernemings, **is altesaam 74,000 manne en vroue in die tronk en kampe gestop, volgens die blad Economist, en twintig maande na die einde van die oorlog was hierdie getal nog onveranderd.**

### MOES JAAR WAG

Dit het 'n volle jaar geneem om die masjinerie waarvolgens die mense „verhoor" sou word, in werking te stel, en twee jaar na die oorlog is die hele affêre aan die Duitsers oorgemaak. Volgens Ralph Keeling het hierdie oormaking gepaard gegaan met dreigemente teen die „Duitse howe" om te wys dat hulle die wil het om denazifikasie deur te voer.

Dat hierdie „verhore" 'n bespotting van die reg moes gewees het word deur die korrespondent van die Economist ruiterlik erken, hoewel hy van mening is dat die opset van Potsdam misluk het weens die feit dat nie genoeg Nazi's in hegtenis geneem is nie.

### OPINIES AS GETUIENIS

**„Hoewel denazifikasie 'n soort regsprosedure was sover dit vorm betref, was dit slegs in baie uitsonderlike gevalle dat definitiewe feite, soos dié wat die toets van 'n Engelse geregshof sou deurstaan, beskikbaar was. In die oorgrote meerderheid van gevalle het die getuienis bestaan uit menings omtrent die karakter van die beskuldigde soos uitgespreek deur sy bure of vriende, en die uitspraak moes rus op die persoonlike mening van die regter . . . Vanselfsprekend het die hele welslae van die prosedure afgehang van die karakter van die regters. Professionele regters was outomaties uitgeskakel omdat hulle noodwendig almal lede van die party was."** (In hierdie verband het Keeling verklaar dat baie van die regters kommuniste was).

### MOES 15 JAAR DUUR

Die skrywer verklaar dat die Duitsers baie spoedig alle agting vir die prosedure verloor het. Weens die openbare mening wat twee jaar na die oorlog stadigaan begin ontwaak het en weens die **hoë koste verbonde aan die opsluiting van 70,000 mense is die 'n proses wat volgens die ooreenkoms in Potsdam oor 'n tydperk van tien of vyftien jaar moes gestrek het!** Die gevolg was dat daar teen 1947 nog net 34,000 mense opgesluit was, **terproses later baie bespoedig** — wyl die getal intussen tot minder as 1,000 gekrimp het.

### JUDAS-VOORBEELD

Dit beteken natuurlik nie dat die mense almal hul volle vryheid verkry het nie. Hulle is, volgens „mening van die regters" 'n straf opgelê wat wissel van die galg tot verbeurdverklaring van eiendom en burgerregte.

**En hoe hierdie regters se mening gelei is, blyk uit die berig in Junie 1947 dat 'n denazifikasiehof al die deelnemers aan die passiespele in Oberammergau skuldig bevind het behalwe die persoon wat die rol van Judas vertolk het!**

Geen wonder nie dan ook dat die genoemde korrespondent van die Economist ten slotte verklaar **dat indien die denazifikasie as 'n regsprosedure beskou moet word, dit beslis „ruwe regspleging" was.** Hy sou liefs gesien het dat dit as 'n blote politieke maatreël moes deurgaan, soos in die Russiese besettingsgebied waar „antifascistiese blok-komitees" die taak verrig het, „wat ookal van hul siniese metodes gesê kan word".

# Barbaarse Wette Word Herroep In Brittanje

**Skotland, net soos Engeland, is tans besig om ontslae te raak van sy barbaarse wette, sommige waarvan nog sestig jaar gelede toegepas is sodat daar vandag nog mense leef wat onder hierdie gruwelike wette van die Middeleeue deurgeloop het. 'n Nuwe wet, wat vonnisse soos om in stukke gekap te word, herroep, sal een van die dae op die wetboek geplaas word.**

**In 1820 is die laaste vonnis waardeur veroordeeldes in stukke gekap moes word, uitgespreek. Dit was van toepassing op twee mans wat daarvan aangekla was dat hulle 'n staking aangemoedig het. Die owerheid het egter later die vonnis gewysig sodat die ongelukkiges slegs opgehang en onthoof is.**

Baie ander Middeleeuse bloeddorstigheid sal van die wetboek geskrap word. Dit sal ook nie meer moontlik wees om iemand wat van moord of hoogverraad skuldig bevind is, se eiendom verbeurd te verklaar nie. Die gebruik is wel verouderd, maar wetlik kan dit nog in Skotland gedoen word. Gedurende die afgelope jare het groot bedrae geld op hierdie manier in die skatkis beland hoewel daar afgesien is van die eis in gevalle waar die moordenaar familielede gehad het.

### „KORRUPTE BLOED"


Verbeurd verklaring van iemand se goed word in die Skotse reg geregverdig omdat daar geredeneer is dat daar in 'n persoon wat hoogverraad gepleeg het se bloed 'n korrupte element is. Hy is daarom onbevoeg beskou om eiendom te besit, en dit het ook gegeld vir sy afhanklikes in wie se are sy „korrupte bloed" oorgeplant is!

Die nuwe wet sal ook die gebruik herroep dat losgelate veroordeeldes hulle gereeld by die owerheid moet aanmeld. Vonnisse wat betrekking het op die middeleeuse opvatting van harde arbeid, sal ook verdwyn. In dié verband word gedink aan die trapmeul en die draai van 'n slinger. Laasgenoemde moes 14,000 maal op 'n dag omgedraai word en was sestig jaar gelede nog in swang, sodat daar nog mense leef wat onder hierdie straf deurgeloop het.


### KINDERS OPGEHANG

Ook in Engeland is Middeleeuse barbaarsheid nie te lank gelede nie volgens wet toegepas.

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)


BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*



sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*



**WAPENS**


PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD





*„Dorset"*

Hierdie Lagiehout-ameublement, stewig en mooi gegrein, bestaan uit 'n Dameshangkas van 4 vt., met hangruimte en hoederak. Die Kleedtafel is 3 vt. 9 dm. breed.
Bypassende bedde is verkrygbaar.
**Kontantprys £38/16/6. Voorwaardes: Deposito van £4/11/6 en 24 maandelikse paaiemente van £1/14/3.**
**(Verpakking Gratis.)**

**Phil Morkel**
6 TAKKE
POSBESTELLINGSAFDELING:
POSBUS 2721 KAAPSTAD

Aan: PHIL MORKEL,
Posbus 2721,
Kaapstad.

*Stuur asseblief vir my besonderhede omtrent die DORSET-slaapkamerstel.*

*NAAM*.............................................
*ADRES*...........................................
......................................................

O.B. 8/12

# TOESPRAAK EN DOOD MAG NUWE WENDING BRING

**Die toespraak van mnr. Klasie Havenga en die dood van mnr. J. H. Hofmeyr 'n paar dae later het woelinge in die partypolitiek van die land laat ontstaan wat op hierdie stadium nog nie bereken kan word nie. 'n Vlaag van vertroue in die nasionale bewind in die algemeen — buitelands sowel as binnelands — en in die Afrikanerparty in besonder het gevolg op die toespraak van mnr. Havenga. Onder mense van albei die tale wat lankal vertroue in die Verenigde Party verloor en dit nog nie in die H.N.P. gestel het nie, het onmiddellik 'n waarneembare gefladder ontstaan in die rigting van mnr. Havenga.**

So sterk is hierdie stroming dat ook waarnemers van die Engelse pers erken dat talle kiesers wat vir die Verenigde Party sou stem weens hul houding ten opsigte van die grondwet, hul steun nou aan mnr. Havenga sal gee.

In hierdie verband is dit van besondere belang om daarop te let dat sowel genl. Smuts en ander Verenigde Party-sprekers as dr. Malan beklemtoon dat mnr. Havenga se toespraak getoon het dat daar geen beginselverskille tussen hulle bestaan nie.

**Mnr. Havenga se beginselstandpunt moet dus aanneemlik wees in baie groot kringe van die Verenigde Party en terselfdertyd word dit deur die H.N.P. geëien.** Hierdie uitlatings is 'n besliste uitdrukking van die behoefte aan 'n algehele politieke reoriëntasie op fundamentele sake.

### WYLE MNR. HOFMEYR

Die dood van mnr. Hofmeyr het enersyds die angel geneem uit die propaganda van die nasionale partye. Ten spyte van wat die Verenigde Party op papier sê, was die volk bekend met die feit dat mnr. Hofmeyr 'n rigting ingeslaan het wat hulle as 'n bedreiging beskou het. Veral in sy posisie as opvolger van genl. Smuts is harde munt uit mnr. Hofmeyr se liberalisme geslaan en dit het die regering duisende stemme besorg. **By 'n volgende verkiesing sal die regering dus gedwonge wees om sy verkiesing tot 'n baie groter mate met positiewe beleid te veg as met negatiewe skrikaanjaging.**

### GROOT AFSTAND

Aan die ander kant het die afstand tussen leier en gevolg binne die Verenigde Party tot 'n breekpunt gerek. Daar is op die oomblik geen figuur van groot formaat wat in genl. Smuts se skoene kan staan nie, en die V.P. sal dus 'n leier moet soek tussen 'n veelheid gelykwaardige minderes waardeur 'n swaar element van verbrokkeling in die party se geledere ingedra word. **En hierdie feit is veral belangrik in die aangesig van mnr. Havenga se toename in formaat as 'n leier met eienskappe van groot staatsmanskap. Die neiging sal dus sterker wees as ooit dat gematigde elemente van die V.P. hulle eerder rondom hom sal skaar as agter tweederangse aspirantleiers van die Verenigde Party wat nòg die reputasie nòg die moontlikhede het van mnr. Havenga.**

### GROTER EENHEID

In die lig van die nuwe feite is dit duidelik dat die Afrikanerparty op die terrein van die partypolitiek 'n steeds belangriker rol sal speel as brug tussen groepe wat weens historiese oorsake skerp teenoor mekaar gestaan het, maar met die oog op 'n snel aanstormende toekoms in glad nuwe gedaante, bestem is om 'n gemeenskaplike stryd in ons vaderland te voer. **En die feit dat lede van die O.B., wat reeds blyke gegee het van 'n diepe vaderlandsliefde gepaard met 'n vir sy teenstanders verrassende gevoel van verantwoordelikheid ten opsigte van die kardinale vraagstukke van die land, ook binne daardie party sal wees, is van besondere betekenis.**

# Kommandostelsel Vir Verdediging

**'n Algehele en welkome reorganisasie van die bestaande skietverenigings wat daarop neerkom dat die tradisionele kommandostelsel wat besig was om te verloop, weer in ere herstel sal word, is deur die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, aangekondig. Met ingang van 15 Desember sal al die bestaande skietverenigings ontbind en skietkommando's van voor af op die been gebring word.**

Elke kommando, onder bevel van 'n senior offisier, sal 500 sterk wees en bestaan uit twee veldkornetskappe van 250 man elk. Elke veldkornetskap sal onderverdeel word in vyf assistent-veldkornetskappe van 50 man.

Die kommando's sal volgens ouderdomsgroepe ingedeel word, naamlik van 17 tot 25 jaar en van 26 tot 60 jaar. Ouer manne tot 65 kan as ere-lede van die afdelings aansluit. Wetgewing om die wysigings van krag te maak, sal gedurende die aanstaande sitting van die parlement aangeneem word.

Werwing van die nuwe kommando's sal vanaf 15 Desember 1948 begin en burgers wat wil aansluit moet na hierdie datum sonder versuim vorms by magistraatskantore of polisiekantore kry. In stedelike gebiede moet aansoekvorms by die kommandementskantore gekry word. Aansoeke om gewere sal na 15 Februarie (die datum waarna aansoekvorms nie meer by magistraatskantore verkrygbaar sal wees nie maar by die Departement van Verdediging) ontvang word. Die pryse daarvan word nog oorweeg.

„In die tyd waarin ons leef is dit beslis noodsaaklik dat elke man wat 'n geweer kan dra sy wapen en sy nodige oefening kry", het die Minister in sy aankondiging verklaar.

# Geen Diskriminasie . . .

(vervolg van bladsy 1, kolom 5)

hande laat, en ek weet van geen betroubaarder hande as dié van ons leier nie."

### GEEN INMENGING

**Mnr. Havenga het na verdere bespreking verklaar dat daar nooit bewyse was dat sy volgelinge hul belofte as lede gebreek het nie. „Daar is in teendeel baie bewyse dat hulle baie gedoen en opgeoffer het om die samewerking te laat slaag. Ek sê dit baie duidelik dat ons nie van plan is om ons belofte aan ons bondgenote te breek nie, maar hulle sal nie die reg hê om hulle in te meng met kandidate deur ons aangewys in setels wat aan ons toegeken is nie. Die beginsel dat daar nie sal ingemeng word nie staan swart op wit en hulle weet dit, en ons het hulle versekering dat hulle nie die reg eis om in te meng nie. Tog kom daar besware soos op Mosselbaai, Vetersdorp en elders.**

„Ek het aan my vriende gesê dat afgesien van ons punte van ooreenkoms, ons kan gesels oor kandidate sonder die reg van inmenging. As daar bewyse is in die kiesafdelings dat ons nie honderd persent troue ondersteuning van ons bondgenote sal kry nie, sal dit miskien verstandiger wees om te sê: as julle beswaar maak teen kandidate wat ook lede van die O.B. is, moet julle self die verantwoordelikheid aanvaar.

### SKADELIK

**„Hierdie soort ding is seker nie bereken om samewerking, wat ons almal so begeer, te bestendig nie. Dit is 'n groot jammerte. Maar die verantwoordelikheid is nie ons s'n nie.**

**„Op hierdie stadium van ons samewerking kan ons nie terug gaan nie. By die algemene verkiesing het ek my neergelê by besware teen O.B.-lidmaatskap, maar ek is nie bereid om daardie toestand verder te duld nie. In die party ken ek net partylede en hulle is geregtig op die beskerming wat in my mag is om aan hulle te gee. Ek is in hierdie stadium nie bereid om terug te stap van daardie stelling wat ek so duidelik neergelê het nie," het mnr. Havenga gesê.**

Mnr. Havenga is eenparig as leier van die party herkies.

# Word A.P.-Lid

**Mev. dr. J. S. du Toit, voormalige hoofvrou van Die O.B. in Kaapland en tans nog gekoöpteerde lid van die Wes-Kaaplandse Gebiedsraad, het, na Die O.B. verneem, nou ook lid van die Afrikanerparty geword. Sy was vroeër jare ondervoorsitster van die hoofbestuur van die H.N.P.**

# Malan Weier O.B.-Lede

(vervolg van bladsy 1, kolom 5)

land onlangs stappe gedoen het om eweneens die toelating moontlik te maak van sodanige O.B.-lede wat in geen ander partypolitieke verband staan nie en om die verpligtinge van lidmaatskap te aanvaar.

**„Soos dus reeds by ons gesprek gister aan u meegedeel en wat ek nou ooreenkomstig u versoek op skrif stel, spyt dit my dat dit vir my onmoontlik is om die Provinsiale setels wat u bereid is om aan ons vir bestryding toe te ken, te aanvaar onder enige voorwaarde waaronder die H.N.P. geregtig sal wees om sig in te meng met die kandidaatstelling deur die A.P. en die reg voorbehou om sulke kandidate wat lede is van die A.P., vooraf te keur."**

### DR. MALAN: ALGEMENE BESWAAR TEEN O.B.-LEDE

Op 12 November het dr. Malan op min. Havenga se brief geageer:

„Blykens ons gesprek op l.l. Maandag en u brief van die volgende dag, moet ek aanneem dat die soseer gewenste eenwording van ons onderskeie partye op hierdie stadium as buite die kwessie beskou moet word.

„Ek hoef nouliks te sê dat vir my en my party, en stellig ook vir die Nasionaal-gesinde Afrikanerdom oor die algemeen, dit 'n oorsaak van diepe teleurstelling en in 'n mate ook van bekommernis is.

„Ek wil egter die hoop uitspreek dat daardie uiteindelike doelwit tog nog binne afsienbare tyd bereik sal kan word en gevolglik die deur daartoe, nie beskou sal word as gesluit te wees nie.

„Ek wil graag u aandag bepaal by die slotparagraaf van u brief wat myns insiens 'n verkeerde vertolking inhou van die werklike posisie en die standpunt van my Party. Dit was nooit ons bedoeling om by die toekenning van setels aan die Afrikanerparty ons in te meng met u kandidaatstelling of om ons die reg toe te eien om vooraf u kandidate te keur nie.

„Nòg tevore met die Volksraadverkiesing nòg nou met die oog op die aanstaande Provinsiale verkiesings was of is dit ons standpunt gewees. Dit neem egter nie weg nie dat vriendskaplike besprekings met die oog op plaaslike omstandighede in die betrokke kiesafdelings altyd tussen ons kan plaasvind, soos dit tevore ook werklik plaasgevind het.

„Ons gesamentlike doel is tog immers om setels te wen en nie om deur die veronagsaming van plaaslike omstandighede setels te verloor nie.

**„Ons algemene beswaar teen die kandidaatstelling van O.B.-lede, waarvan u ook spesifiek in u brief melding maak, is soos u welbekend is, geen nuwe nie. By die Volksraadsverkiesing in Mei l.l. het dit gegeld en ten spyte van die feit dat sedertdien daar groter getalle O.B.-lede by u party aangesluit het, het op die noodsaaklike punt die posisie werklik nie verander nie.**

„Die O.B.-leiers nou in u party sowel as hul amptelike blad verkondig altyd net soos tevore hul eie ideologie en doelstellinge wat soos u tereg erken in stryd is met die beginsels van u Party, net soos dit is met ons s'n.

„Hul propageer dit selfs openlik op Afrikanerparty-vergaderings wat noodwendig die indruk moet wek dat ons werklik hier te doen het met 'n party binnekant 'n party. Dis hieruit, en hieruit alleen, dat die besware aan die H.N.P. se kant voortspruit.

**„Die enigste moontlike oplossing skyn dan ook te wees dat die O.B.-leiding ondubbelsinnig en gesaghebbend sal verklaar dat hul organisasie hul propaganda vir hul 'anti-demokratiese' ideologie sal staak en dat hul op sodanig dan ook sal terugtrek van die politieke terrein waarop die Afrikanerparty en die H.N.P. hul beweeg.**

„In u verwysing na die posisie in die Kaaplandse H.N.P., lê u tereg die nadruk daarop dat O.B.-lede wat daar wil aansluit ,in geen ander partypolitieke verband mag staan nie en moet onderneem om die verpligtinge van lidmaatskap te aanvaar.'

**„Ek kan u die versekering gee dat hierdie waarborg, net soos in alle ander gevalle van toetreding, behoorlik toegepas word, maar dat die Party desnieteenstaande ook geen O.B.-lid as kandidaat toelaat solank as die O.B.-leiding nog altyd sy bedrywighede op die politieke terrein voortsit, soos ek hierbo aangedui het.**

„In verband met die aanmerkings in u brief oor die houding van die Vrystaatse H.N.P. word my meegedeel dat die onderhandelinge oor seteltoekennings in daardie provinsie nie afgebreek is deur die H.N.P. nie, maar gestaak is deur die onderhandelende komitee aan die A.P.-kant.

„Ten slotte wil ek u verseker dat die begeerte en strewe om alle Nasionaal-gesinde Afrikaners in een politieke verband te verenig, nog altyd 'n besondere kenmerk van die H.N.P. was en dat, ten spyte van alle moeilikhede, dit nog so is en in die toekoms nog so sal bly. Ons volksbelange, veral in die aangesig van die dreigende gevare waarvoor ons blootstaan, eis dit van ons."

### DR. MALAN ONVERSETLIK: VRA BREUK

Die volgende brief het dr. Malan op 3 Desember aan mnr. Havenga geskrywe, nadat hulle 'n verdere onderhoud oor die saak gehad het. Hierdie brief lui: „Op 29 November l.l. het u en ek in my kantoor ons gesprek hervat omtrent die toekenning van Provinsiale setels aan die Afrikanerparty. **Dit was in opvolging van my brief van 12 November l.l. en na aanleiding van die aanwysing in Mosselbaai en Paarl onderskeidelik van twee O.B.-generaals as kandidate van u party.**

„Nadat ek weer die standpunt van my Party beklemtoon het en die gronde waarop dit berus, het u my toe meegedeel dat u u onderneming wat vroeër by die afgelope Volksraadverkiesing gegeld het, nie weer kan herhaal nie, en dat as die H.N.P. by sy standpunt bly soos nou die geval is, u die aangebode setels nie kan aanvaar nie en dat die voorlopige ooreenkoms tussen ons partye gevolglik in daardie verband beskou moet word as nie bestaande nie.

„Ek sal bly wees as u die bestaande wil bevestig. Vir kandidaatstelling het dit reeds baie laat geword en finaliteit hieromtrent kan geen dag langer uitgestel word nie.

„Met die oog op die nodige verduideliking aan ons onderskeie partye vra ek ook u toestemming vir die publikasie van die korrespondensie wat tussen ons gevoer is."

'n Voetnoot van dr. Malan by die brief meld dat dit geskrywe is nadat min. Havenga op sy Party se kongres reeds aangekondig het dat waar hy O.B.'s as kandidate aanwys, hy daarop sal staan dat hulle vir die H.N.P. aanneemlik sal wees en so nie hy dan van sommige aangebode setels afstand sal doen.

### MIN. HAVENGA: GEEN AANDEEL IN PROVINSIALE VERKIESING

Op hierdie laaste brief van dr. Malan het die min. Havenga op 4 Desember geantwoord:

„Met betrekking tot u brief van gister in verband met ons bespreking en vorige korrespondensie omtrent die toekenning van setels wat sal bestry word deur die Afrikanerparty in die aanstaande Provinsiale verkiesings, wil ek hiermee soos deur u versoek, my eie standpunt bevestig.

„Dat waar u party besluit het om die standpunt te handhaaf dat ingeval lede van my Party, wat ook lede van die Ossewa-Brandwag is, deur my benoem mag word as kandidate in die setels aan my toegewys, hule nie vir u Party aanneemlik sal wees nie en dat die voorlopige ooreenkoms tussen ons Partye in verband met die toekenning van setels in verband met die Provinsiale verkiesings dus beskou moet word as nie bestaande nie.

**„In die Vrystaat is daar ook tot geen vergelyke hoege-**

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

**naamd gekom omtrent setels aldaar en die algemene posisie wat dus nou geskep is, sal natuurlik meebring dat my Party geen aandeel sal hê in die Provinsiale verkiesing.**

„U sal my seker net veroorloof om daarop te wys dat, met die oog op die voorgaande, dit vir my moeilik is om die bewering in u vorige brief te begryp: **,Dit was nooit ons bedoeling om by die toekenning van setels aan die Afrikanerparty ons in te meng met u kandidaatstelling of om ons die reg toe te eien om vooraf u kandidate te keur nie.'**

„Ek het natuurlik geen beswaar teen die publikasie van die korrespondensie tussen ons as u daartoe besluit nie."

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.